



# Opsies wanneer jy jou werk verlaat

Verseker 'n leeftyd  
van finansiële welstand



# Verlaat jy jou werkgewer?

Een van die belangrike finansiële besluite wat jy sal moet neem, is wat om met jou spaargeld vir aftrede wat jy by jou huidige werkgewer het, te doen.

In hierdie brosjure verduidelik ons vir jou jou opsies en wat dit beteken.

## **Dink daaraan om jou spaargeld vir aftrede te bewaar**

Bewaar is wanneer jy jou spaargeld vir aftrede in die huidige fonds hou of na 'n nuwe fonds oordra plaas van die kontant te trek wanneer jy jou werkgewer verlaat.

Indien jy vandag sou aftree, sou jy met

# 20%

van jou huidige inkomste kan oorleef?

Vir elke

# 10 000

sal die gemiddelde fondslid net

# R2 000

as 'n pensioen ontvang.

Source: Alexforbes

## Die gemiddelde lid van 'n aftreefonds sal net R2 000 as 'n pensioen ontvang vir elke R10 000 wat hulle voor aftrede verdien het.

### **Waarom het die gemiddelde lid hierdie ondervinding?**

Dis hoofsaaklik omdat hulle hul spaargeld in die aftreefonds trek in plaas daarvan om dit te bewaar wanneer hulle van werk verander.

# Wat is jou opsies om jou spaargeld vir aftrede te bewaar en die risiko te verminder dat jy nie genoeg sal spaar om te kan aftree nie?

## 1 Dra jou geld na jou nuwe werkgewer se fonds oor

- ⊗ Jy betaal nie belasting op die geld wat jy na jou nuwe werkgewer se fonds oordra nie, ongeag of dit 'n pensioenfonds of voorsorgfonds is.
- ⊗ Jy kan 'n deel van jou spaargeld as kontant onttrek en die res na jou nuwe werkgewer se fonds oordra.
- ⊗ Jy hoef nie belasting te betaal op die bedrag wat jy na nou nuwe werkgewer se fonds oordra nie, maar jy sal dalk belasting moet betaal op die bedrag wat jy as kontant onttrek.

## 2 Dra jou geld na 'n bewaarfonds oor

- ⊗ Jy betaal nie belasting op die geld wat jy van 'n pensioenfonds oordra na 'n pensioenbewaarfonds of 'n voorsorgbewaarfonds nie.
- ⊗ \*Jy kan 'n eenmalige onttrekking uit die bewaarfonds doen. Hierdie enkele onttrekking laat jou toe om al jou geld in die bewaarfonds of slegs 'n deel daarvan te neem.
- ⊗ Jy kan geld vanaf 'n bewaarfonds na 'n toekomstige werkgewer se fonds oordra.
- ⊗ Jy kan nie enige verdere bydraes maak nie.
- ⊗ Die AFRIS-bewaarfonds is aan jou beskikbaar indien jou fonds AFRIS geïmplementeer het. Jy kan dalk voordeel trek uit laer fooie.
- ⊗ Kontak Alexander Forbes om uit te vind of jy vir hierdie opsie kwalifiseer.

## 3 Dra jou geld na 'n aftreenuiteit oor

- ⊗ Jou aftreespaargeld word vir jou aftrede bewaar.
- ⊗ Jy betaal nie belasting wanneer jy jou geld van jou huidige aftreefonds na 'n aftree-annuïteitsfonds oordra nie.
- ⊗ Jy kan bykomende bydraes maak.
- ⊗ \*Jy kan tot 'n derde van jou voordeel as kontant neem wanneer jy aftree.

## 4 Hou jou geld in die huidige fonds

- ⊗ Jy sal moontlik voordeel trek uit laer fooie.
- ⊗ \*Jy kan jou volle bedrag aftreespaargeld na 'n ander fonds oordra, of die geld as kontant onttrek, voordat jy aftree. Indien jy slegs 'n deel van jou spaargeld onttrek, moet die res na 'n ander fonds oorgedra word.
- ⊗ Jy kan nie bykomende bydraes maak nie.

### LET WEL:


1. \*Jy sal dalk belasting moet betaal op die kontantbedrag wat jy van jou aftreespaargeld onttrek.
2. Nuwe reëls wat aftreefondse toelaat om hul spaargeld tussen verskillende soorte fondse oor te dra, sonder om belasting te betaal op die bedrag wat hulle oordra, is op 1 Maart 2021 ingestel.
3. 'n Finansiële adviseur kan die nuwe reëls verduidelik wat van toepassing is op jou aftreespaargeld as jy na 1 Maart 2021 emigreer.

## Dit is Jackie en dit is wat in haar lewe gebeur.



Jackie is 23 en begin vandag werk. Sy verdien **R20 000** per maand. Sy begin tot haar aftreefonds bydra teen 'n koers van **12%** van haar salaris, wat **R2 400 per maand is**. Soos ons almal s'n, is Jackie se lewe 'n reis en vol hoogtepunte en laagtepunte.

Die besluite wat Jackie oor bewaring neem, sal die maandelikse pensioen wat sy by aftrede sal hê, bepaal.





## Jackie se keuses deur haar hele loopbaan

Die besluite wat Jackie oor bewaring neem, sal die maandelikse pensioen wat sy by aftrede sal hê, bepaal.

Jackie sal langs die pad keuses maak oor hoe sy haar spaargeld vir aftrede bestuur.

Of sy haar spaargeld vir aftrede bewaar wanneer sy van werk verander of haar bydraekoers gereeld verhoog, sal 'n groot verskil maak aan hoeveel haar maandelikse pensioen sal wees wanneer sy aftree.

## Die waarde van advies

Die waarde daarvan om finansiële advies by 'n gekwalifiseerde finansiële adviseur te kry, moenie onderskat word nie en word sterk aanbeveel. Dit kan jou help om jou doelwitte te bereik

**My Money Matters Centre**

Telefoon: 0860 000 381

E-pos: [mymoneymatters@aforbes.com](mailto:mymoneymatters@aforbes.com)

### Uitkoms 1

**R15 367**

Indien Jackie haar geld bewaar wanneer sy van werk verander (behalwe die een keer wanneer sy 'n gedeeltelike onttrekking maak om te studeer) en haar aftreebydraes gereeld verhoog, sal sy 'n maandelikse pensioen van R15 367 in vandag se geld kry wanneer sy aftree.

### Uitkoms 2

**R11 902**

Indien Jackie haar geld bewaar wanneer sy van werk verander (behalwe die een keer wanneer sy 'n gedeeltelike onttrekking maak om te studeer) maar sy nie haar bydraes verhoog nie, sal sy 'n maandelikse pensioen van R11 902 in vandag se geld kry wanneer sy aftree.

### Uitkoms 3

**R4 609**

Indien Jackie nooit haar geld bewaar nie (behalwe by haar laaste werkverandering wanneer sy ouer is, aftrede nader en die belangrikheid van bewaring besef) maar haar bydraes gereeld verhoog, sal sy met 'n pensioen van R4 609 in vandag se geld aftree.

### Uitkoms 4

**R2 804**

Indien Jackie nooit haar geld bewaar nie tot haar laaste werkverandering op die ouderdom van 55 jaar, sal sy met 'n pensioen van R2 804 in vandag se geld aftree.

## Wat moet jy nog weet

**Indien jy besluit om jou spaargeld vir aftrede te onttrek eerder as om dit vir aftrede te bewaar, is dit hoe jy belas sal word.**

Gedurende jou leeftyd kan jy altesaam R500 000 van jou spaargeld vir aftrede belastingvry neem wanneer jy aftree. Alle bedrae (meer as R25 000) wat jy in kontant onttrek voor jy aftree, sal hierdie bedrag egter laat verminder.<sup>2</sup> Hoeveel jy belas word, hang af van hoeveel jy neem en wanneer jy dit neem.

Die belastingkoers word in die belastingtabelle hieronder aangedui.

Indien jy bedank	
Hoeveel jy neem	Belastingkoers
R0 tot R25 000	0%
R25 001 tot R660 000	18%
R660 001 tot R990 000	27%
R990 001 en meer	36%

Indien jy aftree <sup>2</sup>	
Hoeveel jy neem	Belastingkoers
R0 tot R500 000	0%
R500 001 tot R700 000	18%
R700 001 tot R1 050 000	27%
R1 050 000 en meer	36%

2. Die bedrag wat jy belastingvry in kontant kan neem, hang af van jou vorige kontantonttrekkings uit jou aftreefondse

## Fooie en heffings

### Aanvanklike adviesfooie

Dit is vir die aanvanklike advies wat jou finansiële adviseur vir jou gee. Dis 'n persentasie van die geld wat jy belê, en jy en jou adviseur kom ooreen oor die werklike persentasie.

### Jaarlikse adviesfooie

Dit word maandeliks van jou beleggings afgetrek. Jy en jou adviseur kom ooreen oor die fooi as 'n persentasie.

### Administrasiefooie

Dit is die fooi wat aan die administrateur van die fonds betaal word. Die fooi word bereken en maandeliks van jou beleggings afgetrek.

### Beleggingsbestuurfooie

Dit is die fooie en heffings van die bestuurders van die beleggingsportefeuljes. Dit word in die feiteblaai van die fondse van elke portefeulje uiteengesit en kan van tyd tot tyd verander.

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) word, waar van toepassing, by fooie gevoeg.

### Belangrike wenk

Noudat jy jou werkgewer se diens verlaat, dink jy dalk weer na oor baie dinge. Hier is 'n paar faktore om te oorweeg om jou finansiële welstand te verbeter:

- bewaar jou spaargeld vir aftrede wanneer jy ook al kan
- dra soveel by tot jou spaargeld as wat jy kan
- maak seker dat jy teen noodgevallen beskerm is deur genoeg versekering en spaargeld te hê
- bestuur jou skuld doeltreffend
- praat met 'n finansiële adviseur om jou te help om jou behoeftes in volgorde van belangrikheid aan te spreek en daardie besluite te neem wat reg is vir jou.

# Kontak ons

## Vrae oor jou aftreefonds

### Kliëntekontaksentrum

Telefoon: 0860 100 333

E-pos: [ccrfadmin@alexforbes.com](mailto:ccrfadmin@alexforbes.com)

## Finansiële advies

### My Money Matters Centre

Telefoon: 0860 000 381

E-pos: [mymoneymatters@alexforbes.com](mailto:mymoneymatters@alexforbes.com)

Die inligting in hierdie dokument behoort aan Alexander Forbes. Jy mag nie enige deel van hierdie dokument sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van Alexander Forbes kopieer, versprei of wysig nie. Alexander Forbes Financial Services (Edms.) Bpk. (FDV 1177 en registrasienommer 1969/018487/07)